**Mediaverklaring**
**Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)**
**23 Mei 2019**

**ASISA-lede het verlede jaar kliënte, begunstigdes en erfgename herenig met onopgeëiste bates ter waarde van R8.1 miljard**

Lede van die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA) het verlede jaar kliënte, begunstigdes, beleggers en erfgename met onopgeëiste bates ter waarde van R8.1 miljard herenig. Die vergete bates is in 71 233 risikopolisse, spaar- en beleggingspolisse, annuïteitspolisse en kollektiewebeleggingskema (KBS)-portefeuljes gehou.

Rosemary Lightbody, senior beleidsadviseur by ASISA, sê ten spyte van lidmaatskappye se beste pogings moet 'n geraamde R17.1 miljard se onopgeëiste bates wat in 147 221 produkte gehou word nog met die wetlike eienaars daarvan verenig word.

Lightbody verduidelik dat ASISA-lede daartoe verbind is om onopgeëiste polisvoordele en beleggingsopbrengste uit te betaal al neem dit hoe lank voordat die polishouer, begunstigde, belegger of erfgenaam na vore te kom en die bates opeis. In die praktyk beteken dit dat ASISA-lede hulle nie op die Verjaringswet sal beroep indien 'n geldige eis ingestel word wat andersins al sou verjaar het nie.

ASISA het vandeesweek die eerste stel syfers oor sy lede se opsporingsaktiwiteite bekend gestel nadat ASISA se meer omvattende standaard oor onopgeeiste bates op 1 Januarie vanjaar in werking getree het. Die standaard is in 2013 vir die eerste keer bekend gestel, maar dit was slegs op langtermynversekeringslede van toepassing. Die standaard het sy net in 2016 wyer gegooi om ook KBS-bestuursmaatskappye en diensverskaffers van gekoppelde beleggings (LISP's) in te sluit. Die standaard is nie op aftreeannuïteitspolisse en voorsorgfondsprodukte, wat onder die Pensioenfondswet resorteer, van toepassing nie.

Die standaard verplig lede om hul pogings te verskerp om mense op te spoor om die poel onopgeëiste bates te verminder en verskaf riglyne oor die bewaring van onopgeëiste bates.

**Wat is onopgeëiste bates en wat gebeur daarmee?**

Volgens Lightbody is dit nie altyd te sê dat 'n polishouer of belegger van hul bates vergeet het of dat erfgename en begunstigdes onbewus is dat hulle 'n geldige eis het nie.

"Wanneer kliënte byvoorbeeld 'n gevorderde ouderdom bereik het, kan ons lede nie sommer die aanname maak dat hulle oorlede is nie. Hulle leef dalk nog en wil hê dat hul polisse en beleggings in plek moet bly, of hulle het dalk te sterwe gekom en hul begunstigdes en erfgename is onbewus van die bestaan van 'n polis of belegging. Om hierdie rede definieer die standaard nie onopgeëiste bates nie, maar verplig ASISA-lede om die omstandighede te ondersoek en vas te stel wat die werklike posisie is."

Die standaard moedig lidmaatskappye aan om kliënte te herinner dat hulle op bates geregtig is na aanleiding van toepaslike snellergebeurtenisse soos 'n polis wat verval, 'n risikovoordeeleis wat goedgekeur is, kommunikasie wat as onafgelewer teruggestuur word,

of 'n kliënt wat 80 jaar oud word. Die standaard moedig lidmaatskappye ook aan om toepaslike stappe te doen soos om:

- Telefonies en elektronies met kliënte te probeer kontak maak na 'n snellergebeurtenis;
- Kliënte deur die internet en sosiale media te probeer opspoor; en
- Eksterne opsporingsagentskappe te gebruik.

Lightbody wys daarop dat ASISA-lidmaatskappye verplig is om rekord te hou van hul opsporingsaktiwiteite sodat dit deur die maatskappy se interne nakomings- en ouditfunksies gekontroleer en geouditeer kan word.

Die standard bepaal dat wanneer 'n ASISA-lidmaatskappy na drie jaar tevergeefs alle redelike pogings aangewend het om die kliënt, erfgename of begunstigdes op te spoor, die bates vir maatskaplik verantwoordelike beleggings met kommersiële opbrengste soos ondernemer-verskaffer ontwikkelingsfondse aangewend kan word. Geldige eise ten opsigte van daardie bates sal egter steeds uitbetaal word. Vir produkte waar die beleggingsrisiko deur die maatskappy gedra word, mag die maatskappy onopgeëiste bates na goeddunke belê. Waar die kliënt, erfgenaam of begunstigde die beleggingsrisiko dra, moet die maatskappy streef na beleggingsopbrengste wat redelikerwys verwag kan word.

**Kliënte se verantwoordelikheid**

Lightbody benadruk dat dit verbruikers se verantwoordelikheid is om seker die maak die betrokke finansiële instansie het hul korrekte kontakbesonderhede en begunstigdebenoemingsvorms op rekord. "Dit sal verseker dat bates aan die regmatige eienaars betaal word wanneer dit betaalbaar word."

Die ASISA-standaard oor onopgeëiste bates is op ASISA se webwerf beskikbaar.

**Einde**

**Vir die reël van onderhoude, kontak:**
Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@fild.co

**Uitgereik namens:**
Rosemary Lightbody
Senior Beleidsadviseur
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)

*ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, bestuursmaatskappye van kollektiewe beleggingskemas, diensverskaffers van gekoppelde beleggings, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye.*